# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**
**Oorsee 15c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

Vol. 69.] KAAPSTAD, 31 MAART 1971. CAPE TOWN, 31st MARCH, 1971. [No. 3054.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 549. 31 Maart 1971.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 26 van 1971: Poskantoorbegrotingswet, 1971.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 549. 31st March, 1971.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 26 of 1971: Post Office Appropriation Act, 1971.

# ACT

**To apply a sum of money not exceeding three hundred and fifty-two million three hundred and sixty-three thousand rand from the Post Office Fund for the service of the Department of Posts and Telegraphs in the Republic and the territory of South-West Africa for the year ending on the thirty-first day of March, 1972.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 30*th March*, 1971.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Post Office Fund to be charged with R352 363 000.**

**1.** The Post Office Fund is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Department of Posts and Telegraphs in the Republic and the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel, for the year ending on the thirty-first day of March, 1972, not exceeding in the whole for revenue services the sum of two hundred and twenty-three million six hundred and sixty-three thousand rand and for capital services the sum of one hundred and twenty-eight million seven hundred thousand rand.

**How money to be applied.**

**2.** The money appropriated by this Act for revenue services shall be applied to the purposes set forth in Schedule 1 to this Act and more particularly specified in the Estimates of Expenditure (R.P. 14—1971) as submitted to and approved by Parliament, and for capital services to the purposes set forth in Schedule 2 to this Act and more particularly specified in the Estimates of Expenditure (R.P. 15—1971) as submitted to and approved by Parliament.

**Minister may authorize variations.**

**3.** With the approval of the Minister of Posts and Telegraphs a saving on any of the sub-heads set out in Schedules 1 and 2 to this Act may be made available for any excess of expenditure on any other sub-head in the same Schedule: Provided that no excess shall be incurred on any sum appearing in column 2 of the said Schedule 1 and that savings thereon shall not be available for any purpose other than that for which the money is hereby appropriated as indicated in that Schedule.

**Short title.**

**4.** This Act shall be called the Post Office Appropriation Act, 1971.

# WET

**Tot aanwending van 'n som geld van hoogstens driehonderd twee-en-vyftigmiljoen driehonderd drie-en-sestigduisend rand uit die Poskantoorfonds vir die diens van die Departement van Pos- en Telegraafwese in die Republiek en die gebied Suidwes-Afrika vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1972 eindig.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 30 *Maart* 1971.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Poskantoorfonds belas met R352 363 000.

**1.** Die Poskantoorfonds word hierby belas met sodanige somme geld as wat nodig is vir die diens van die Departement van Pos- en Telegraafwese in die Republiek en die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, gedurende die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1972 eindig, maar gesamentlik ten bedrae van hoogstens tweehonderd drie-en-twintigmiljoen seshonderd drie-en-sestigduisend rand vir inkomstedienste en eenhonderd agt-en-twintigmiljoen sewehonderdduisend rand vir kapitaaldienste.

Hoe die geld bestee moet word.

**2.** Die geld deur hierdie Wet beskikbaar gestel vir inkomstedienste, word aangewend vir die doeleindes vermeld in Bylae 1 by hierdie Wet en nader omskrywe in die Begroting van Uitgawe (R.P. 14—1971) soos aan die Parlement voorgelê en deur die Parlement goedgekeur, en vir kapitaaldienste vir die doeleindes vermeld in Bylae 2 by hierdie Wet en nader omskrywe in die Begroting van Uitgawe (R.P. 15—1971) soos aan die Parlement voorgelê en deur die Parlement goedgekeur.

Minister kan afwykings magtig.

**3.** Met die goedkeuring van die Minister van Pos- en Telegraafwese kan 'n besparing op die een of ander van die subhoofde aangetoon in Bylaes 1 en 2 by hierdie Wet, aangewend word ter dekking van meerdere uitgawe onder enige ander subhoof in dieselfde Bylae: Met dien verstande dat geen som wat in kolom 2 van bedoelde Bylae 1 voorkom, oorskry mag word nie, en dat besparings daarop vir geen ander doel aangewend mag word nie as dié waarvoor die geld hierby beskikbaar gestel word, soos in daardie Bylae aangetoon.

Kort titel.

**4.** Hierdie Wet heet die Poskantoor-begrotingswet, 1971.

## Schedule 1.

REVENUE SERVICES.

| Sub-head letter | Sub-head | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| A | Salaries, Wages and Allowances | 138 332 100 | |
| B | Subsistence and Transport | 5 074 000 | |
| C | Interest Payments | 20 000 000 | |
| D | Printing, Stationery, Advertisements and Publications | 4 989 500 | |
| E | Miscellaneous Expenses | 975 900 | |
| | Including— | | |
| | Official entertainment by or on behalf of: | | |
| | Postmaster-General | | 600 |
| | Chairman and Members, Post Office Staff Board | | 1 200 |
| | Deputy Postmasters-General and Chief Engineer | | 1 600 |
| | Grant-in-aid to the South African Institute of Electrical Engineers | | 50 |
| | Grant-in-aid to the Post Office Sports Association | | 6 000 |
| | Membership fees to the South African Institute for Public Administration | | 250 |
| F | Purchase, Hire and Maintenance of Typewriters, Accounting Machines and similar items | 995 000 | |
| G | Conveyance of Mail | 12 103 000 | |
| H | Maintenance of Telegraph and Telephone Network | 5 500 000 | |
| J | Furniture and Fittings | 494 500 | |
| K | Contribution to Medical Aid Societies | 1 575 000 | |
| L | Standard Stock Adjustments | 75 000 | |
| M | Postal Stores | 970 000 | |
| N | Uniforms, Boots and similar items | 743 000 | |
| O | Pension Liability | 12 078 000 | |
| P | Reimbursement for services rendered by other State Departments | 120 000 | |
| Q | Buildings | 6 355 000 | |
| R | Hire of Circuits in Trans-Atlantic Cable and in other Overseas Telecommunication Systems | 5 566 500 | |
| S | Contribution towards the Development of Communication Satellite Systems | 350 000 | |
| T | Payments abroad in terms of Postal, Telecommunication and Remittance Services Agreements | 7 366 500 | |
| | TOTAL | R223 663 000 | |

## Schedule 2.

CAPITAL SERVICES.

| Sub-head No. | Sub-head | Amount |
|---|---|---|
| | | R |
| 1 | Postal Services | 500 000 |
| 2 | Telecommunication Services | 99 758 500 |
| 3 | Purchase of Land | 2 100 000 |
| 4 | Buildings | 13 100 000 |
| 5 | Redemption of Loans | 8 741 500 |
| 6 | Housing | 4 500 000 |
| | TOTAL | R128 700 000 |

## Bylae 1.

INKOMSTEDIENSTE.

| Sub-hoof-letter | Subhoof | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| A | Salarisse, Lone en Toelaes | 138 332 100 | |
| B | Verblyf- en Vervoerkoste | 5 074 000 | |
| C | Rentebetalings | 20 000 000 | |
| D | Drukwerk, Skryfbehoeftes, Advertensies en Publikasies | 4 989 500 | |
| E | Diverse Uitgawes | 975 900 | |
| | Met inbegrip van— | | |
| | Amptelike onthaal deur of namens: | | |
| | Posmeester-generaal | | 600 |
| | Voorsitter en Lede, Poskantoorpersoneelraad | | 1 200 |
| | Adjunk-posmeesters-generaal en Hoofingenieur | | 1 600 |
| | Hulptoelae aan die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs | | 50 |
| | Hulptoelae aan die Poskantoorsportvereniging | | 6 000 |
| | Ledegelde aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie | | 250 |
| F | Aankoop, Huur en Onderhoud van Tikmasjiene, Boekhoumasjiene en soortgelyke items | 995 000 | |
| G | Vervoer van Pos | 12 103 000 | |
| H | Instandhouding van Telegraaf- en Telefoonnet | 5 500 000 | |
| J | Meublement en Toebehore | 494 500 | |
| K | Bydrae aan Mediese Hulpverenigings | 1 575 000 | |
| L | Standaardvoorraadverrekenings | 75 000 | |
| M | Posvoorrade | 970 000 | |
| N | Uniforms, Stewels en soortgelyke items | 743 000 | |
| O | Pensioenverpligting | 12 078 000 | |
| P | Vergoeding vir dienste deur ander Staatsdepartemente gelewer | 120 000 | |
| Q | Geboue | 6 355 000 | |
| R | Huur van Verbindingskanale in Trans-Atlantiese Kabel en in ander Buitelandse Telekommunikasiestelsels | 5 566 500 | |
| S | Bydrae tot die Ontwikkeling van Kommunikasiesatelietstelsels | 350 000 | |
| T | Betalings in die Buiteland ingevolge Pos-, Telekommunikasie- en Geldsendingsdienste-ooreenkomste | 7 366 500 | |
| | TOTAAL | R223 663 000 | |

## Bylae 2.

KAPITAALDIENSTE.

| Subhoof No. | Subhoof | Bedrag |
|---|---|---|
| | | R |
| 1 | Posdienste | 500 000 |
| 2 | Telekommunikasiedienste | 99 758 500 |
| 3 | Aankoop van Grond | 2 100 000 |
| 4 | Geboue | 13 100 000 |
| 5 | Leningsdelgings | 8 741 500 |
| 6 | Behuising | 4 500 000 |
| | TOTAAL | R128 700 000 |

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B867/14,600.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B867/14,600.